

## **2014 BELASTINGVERWANTE BEGROTINGSVOORSTELLE**

Die volgende is 'n opsomming van die belastingverwante begrotingsvoorstelle wat op 26 Februarie 2014 deur die Minister van Finansies aangekondig is.

### **HOOGTEPUNTE UIT DIE BEGROTING**

Die belangrikste belastingvoorstelle vir 2014 sluit die volgende in:

- Aanpassings aan belastingkoerse met betrekking tot enkelbedrag uittredingsuitbetalings
- Belastingtoegewings om huishoudelike besparing aan te moedig
- Maatreëls om kleinsakeontwikkeling te bevorder
- Duidelikheid oor die waardasie van maatskappymotors vir doeleindes van belasting op byvoordele
- Die regering stel 'n verhoging in die brandstofheffing van 12c per liter en 'n verhoging van 8c per liter van die Padongelukfondsheffing voor. Albei heffings sal op 2 April 2014 in werking tree.
- Hervormings aan die belasting hantering van die risikobesigheid van langtermyn-versekeraars
- Wysiging van die BTW-reëls om goudsmokkelary te bekamp
- Maatreëls om dreinerings van mynsuur aan te spreek
- Die koolstofbelasting word tot 2016 uitgestel ten einde die ooreenstemming daarvan met gewenste emissievrystellingsresultate wat deur die Departement van Omgewingsake geïdentifiseer is, te verseker.

### **INDIVIDUE**

#### **Persoonlike inkomstebelasting**

Die 2014 begroting bevat voorstelle vir direkte persoonlike inkomstebelastingverligting vir individue ten bedrae van R9,25 miljard.

Die belastingdrempel vir individue jonger as 65 jaar sal R70 700 wees, vir individue 65 jaar en ouer maar jonger as 75 jaar sal dit R110 200 wees en vir individue 75 jaar en ouer sal dit R123 350 wees.

#### **Vrystellings vir rente en dividendinkomste**

Die jaarlikse vrystelling op rente verdien vir individue jonger as 65 jaar is R23 800 en die vrystelling vir individue 65 jaar en ouer is R34 500.



### **Mediese uitgawes**

- Maandelikse mediese belastingkrediete vir mediesefondsbydraes vanaf 1 Maart 2014:
  - R257 vir die belastingpligtige en eerste afhanklike; en
  - R172 vir elke bykomende afhanklike.
- Bykomende mediese belastingkrediete is vir oorskotbydraes en kwalifiserende mediese uitgawes beskikbaar – kyk die Belastingriglyne later in die dokument vir meer besonderhede.

### **Ander belastingvoorstelle wat individue raak**

#### ***Belastingvoorkeur spaarrekeninge***

Belastingvoorkeur rekeninge (wat bankdeposito's, kollektiewe beleggingskemas, beursverhandelde fondse en kleinhandel spaareffekte insluit) gaan oor die volgende 12 maande ingestel word. Ingevolge hiervan sal belastingvrystellings vir rente, dividende en kapitaalwinste toegestaan word vir beleggings met 'n aanvanklike bydraelimiet van R30 000 en 'n lewenslange bydraelimiet van R500 000.

#### ***Hervormings aan uittreespoarfondse***

Die huidige wetgewing sal verder verfyn word ten einde duidelikheid te verskaf. Besonderhede van die metodologie vir die berekening van die formule om die bydraebedrag vir die omskrewende voordeelkomponent vas te stel, sal in 2014 by wyse van regulasie uitgespel word. Die beleidsbenadering vir die tydsberekening van oploping van uittredingsfondsvoordele sal hersien word ten einde sekerheid te verskaf en die praktiese toepassing te vergemaklik.

#### ***Uittredingsfonds enkelbedrag belastingkoerse***

Enkelbedragbetalings uit uittredingsfondse word belas deur van spesifieke belastingkoerse gebruik te maak. Die toepaslike koerse gaan aangepas word om gevalle te beperk waar van laer-inkomste belastingpligtiges verwag word om belasting op enkelbedrae te betaal ten spyte daarvan dat hulle nie by 'n aftrekking vir bydraes tot die uittredingsfonds gebaat het nie. Prakties gesproke beteken dit dat die eerste R500 000 van 'n uittredingenkelbedrag betaalbaar belastingvry sal wees.

#### ***Maatskappymotor byvoordeel***

Gebruik van 'n maatskappymotor deur 'n werknemer is 'n belasbare byvoordeel, gegrond op die markwaarde van die voertuig. Motorvervaardigers wat voertuie invoer, bereken die byvoordeel egter teen kosprys. Om die behandeling van maatskappymotor byvoordele vir alle werknemers (ongegag die werkgewer se besigheid) eenstemmig te maak, stel die regering voor dat werklike kleinhandelmarkwaarde in alle gevalle gebruik word. Dit sal oor vier jaar infaseer word. Aanpassings word ook voorgestel om werknemers wat die kostes in verband



met brandstof en instandhouding van hul maatskappymotors dra, op 'n meer regverdige manier te behandel.

### ***Residensiële akkommodasie deur werkgewers verskaf***

Die waarde van die byvoordeel vir akkommodasie deur werkgewers verskaf word ingevolge 'n formule met verwysing na die spesifieke omstandighede bereken. In die geval van akkommodasie van by derde partye gehuur word, mag die werkgewer om 'n belastingaanwysing aansoek doen sodat die werknemer teen die laagste bedrag belas kan word. Daar word voorgestel dat waar akkommodasie van 'n nie-verwante derde party gehuur word, die byvoordeelwaarde die werklike huurkoste aangegaan behoort te wees – dus sal geen belastingaanwysing nodig wees nie. Daarbenewens sal toedeling beskikbaar gestel word vir gevalle waar werknemers akkommodasie deur werkgewers verskaf, deel.

## **MAATSKAPPYE**

### **Maatskappybelastingkoerse**

Geen verandering aan maatskappybelastingkoerse is voorgestel nie.

### **Omsetbelasting vir mikrobesighede**

Die omsetbelastingregime is gemik op besighede wat 'n jaarlikse omset van op tot R1 miljoen het. Daar word voorgestel dat omset tot R335 000 belastingvry moet wees en dat die maksimumkoers van die huidige 6% na 5% verminder word. Ander voorstelle sluit in skraping van die vereiste dat besighede die regime vir drie jaar moet kies, en dat jaarlikse eerder as tweejaarlikse belastingopgawes vereis word.

### **Kleinsakekorporasies (KSKs)**

Daar word gemeen dat die verlaagde belastingkoerse van toepassing op KSKs ondoeltreffend is wat die bevordering van belegging betref, aangesien die nakomingskoste vir hierdie soort entiteite steeds baie hoog is. Daar word voorgestel dat die verlaagde belastingregime deur 'n jaarlikse terugbetaalbare belastingnakomingskorting vervang word.

### **Belastingaansporing vir indiensneming**

Oorskotbedrae van die belastingaansporing vir indiensneming kan teen toekomstige LBS-aanspreeklikhede verreken word. Om die aansporing te versterk, is die SAID besig om 'n meganisme te ontwikkel om firmas terug te betaal in gevalle waar die aansporing die LBS betaalbaar oorskry. Die terugbetalingstelsel sal gedurende die vierde kwartaal van 2014 in werking tree.



### **Skuldkwytskeldingsreëls**

Belastingverligtingsmaatreëls vir maatskappye wat besigheidsredding en ander vorme van skuldskikking ondergaan, sal oorweeg word om enige belastingkoste wat as gevolg van besigheidsreddingsprosedures ontstaan aan te spreek.

### **Publieke-privaatvennootskappe (PPV) – gehuurde grond**

Volgens sommige PPVs verhuur die regering grond aan privaatpartye. Indien belastingaansporings vir verbeterings aan die grond geëis wil word, moet die grond ingevolge die Inkomste-belastingwet egter deur die belastingpligtige besit word. Die verdienstelikheid daarvan om aftrekkings toe te laat waar die belastingpligtige nie die eienaar van die grond is nie, sal oorweeg word as 'n maatreël om die finansiële lewensvatbaarheid van hierdie projekte te verbeter.

### **Langtermynversekeringsrisikopolisse**

Die regering stel voor dat winste uit die risikobesigheid van 'n versekeraar in die korporatiewe fonds belas word, op soortgelyke wyse as dié waarop korttermynversekeraars belas word. Die billikheid van die belasting van die individuele polishouerfonds sal ook hersien word.

### **Filantropiese stigtings**

'n Belastingaansporing is beskikbaar met betrekking tot skenkings gemaak aan goedgekeurde kwalifiserende openbare weldaadsorganisasies, wat filantropiese stigtings insluit. Die doel van sodanige stigtings is om toereikende kapitaal op te bou en te handhaaf om finansiële steun te kan verskaf aan verdienstelike sake wat deur OWOs uitgevoer word. Die Inkomstebelastingwet vereis dat filantropiese stigtings tot 75% van die geld wat hulle genereer binne 'n jaar uitbetaal, tensy hulle aan die SAID kan toon dat die geakkumuleerde fondse vir spesifieke kwalifiserende doeleindes aangewend sal word. Hierdie vereiste raak die volhoubaarheid van die stigtings. Die regering stel voor dat hierdie vereiste verslap sal word, terwyl verseker word dat stigtings die opgelope kapitaal wel binne 'n redelike tydperk aan verdienstelike sake uitbetaal.

### **Derdeparty gesteunde aandele**

Die derdeparty gesteunde teenvermydingsreël handel oor voorkeuraandele waarvan die dividendopbrengs deur derde partye gesteun word. Die dividendopbrengs van derdeparty gesteunde aandele word as gewone inkomste behandel. Die reël is verregaar met sekere onopsetlike gevolge, wat gewoonlik SEB-transaksies raak. 'n Aantal voorstelle is gemaak om dit aan te spreek.



### **Beperkte rente-aftrekkings vir reorganisasie- en verkrygingstransaksies**

Hierdie reël is ingestel om die beduidende risiko vir die ekonomie en die *fiscus* wat uit die gebruik van uitermatige skuld vir die befondsing van maatskappyverkrygings spruit, te verminder. 'n Formule word gebruik om 'n beperking van rentevermindering in reorganisasie- en verkrygingstransaksies te bereken. Sekere onopsetlike gevolge in die toepassing en uitwerking van hierdie reëls is geïdentifiseer en sal aangespreek word.

## **INTERNASIONALE BELASTING**

### **Sekondêre aanpassing vir oordragprysbepaling**

Dit plaas 'n administratiewe las op sowel die belastingpligtige as die SAID om die sekondêre aanpassing in die vorm van 'n geagte lening toe te pas. Die rekeningkundige behandeling van die terugbetaling van die geagte lening en die rente is moeilik, aangesien daar geen regs aanspreeklikheid is om die lening terug te betaal nie. Daar word aanbeveel dat die bepaling in verband met oordragprysbepaling gewysig word om te verklaar dat die sekondêre aanpassing geag word 'n dividend of kapitaalbydrae, afhangende van die feite en omstandighede, te wees.

### **Hoë-belastingvrystelling vir beheerde buitelandse maatskappye**

In die geval van 'n Suid-Afrikaanse inwonermaatskappy wat baie buitelandse maatskappye besit, is dit omslagtig om vas te stel of die hoë-belastingvrystelling van toepassing is indien die meeste van die inkomste van die beheerde buitelandse maatskappye aan 'n buitelandse besigheidsonderneming toeskryfbaar is. Daar word voorgestel dat voorsiening gemaak word vir 'n opsie om die netto inkomste van 'n beheerde buitelandse maatskappy ag nul te wees, indien voldoen word aan òf die hoë-belasting- òf die buitelandse besigheids-ondernemingstoets, indien toegepas op die somtotaal van die belasbare bedrae.

## **INDIREKTE BELASTING**

### **Koolstofbelasting**

Die implementering van koolstofbelasting word tot 2016 uitgestel.

### **Dreinerings van mynsuur**

Maatreëls om dreinerings van mynsuur aan te spreek word ondersoek, waarskynlik by wyse van, of iets soortgelyk aan, 'n omgewingsheffing.



## **BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)**

### **Tweedehandse goedere: edelmetale**

Tweedehandse goedere wat uit edelmetale vervaardig word, gaan uitgesluit word uit die verkryging van denkbeeldige insetbelasting, as 'n maatreël om bedrieglike eise in hierdie verband te vermy.

### **Dokumentasie**

Die doeanemodernisasieprogram het die nodigheid dat papier-gebaseerde dokumentasie gegenereer en aan belastingbetalers uitgereik word, uitgeskakel. Die dokumente wat volgens die wet vereis word, sal in ooreenstemming gebring word met gemoderniseerde doeaneprosesse en prosedures.

### **Belastingfakture, debiet- en kredietnotas**

Daar word van 'n verskaffer wat 'n geregistreerde ondernemer (die prinsipaal) is, verlang om 'n belastingfaktuur binne 21 dae vanaf die leweringsdatum uit te reik. Hierdie tydsbeperking sal na agente uitgebrei word. Daar is egter geen spesifieke tydsbeperking waarbinne die krediet- of debietnota uitgereik moet word nie en hierdie onreëlmatigheid sal aangespreek word.

### **Agente**

Duidelikheid word verskaf oor watter dokumentasie aanvaarbaar is as bewys van betaling om 'n ondernemer in staat te stel om insetbelasting met betrekking tot BTW betaal op die invoer van goedere af te trek.

## **BELASTINGADMINISTRASIE**

### **Viermaandelikse BTW-kategorie**

Die regering stel voor dat hierdie kategorie ondernemers (< 1 000) elimineer word en dat geregistreerde ondernemers by die tweemaandelikse BTW-stelsel ingesluit word.

### **Tydlike afskrywing van betwiste belastingskuld**

Afrikel 194 van die Wet op Belastingadministrasie (2011) weerhou die SAID daarvan om 'n skuld tydelik af te skryf terwyl dit onder dispuut deur 'n belastingpligtige is. Die regering stel voor dat hierdie verbod opgehef word.



### **BTW renteberekeninge**

Ingevolge die Wet op BTW word rente gehef op laat BTW-betalings vir 'n tydperk wat die werklike aantal dae tussen die vervaldag en die betaaldag oorskry. Daar word voorgestel dat die rentereëls ingevolge die Belastingadministrasiewet (maandelikse samestelling uitgesluit) vir hierdie kategorie geaktiveer word, om te verseker dat rente op 'n billike grondslag gehef en betaal word.

### **NAVORSINGSPROJEKTE RAKENDE BELASTINGBELEID**

Die volgende items is op die Nasionale Tesourie se navorsingsagenda oor die volgende twee fiskale jare. Sommige van hierdie navorsing het reeds begin:

- 'n Studie van effektiewe belastingkoerse vir maatskappye in verskillende sektore, wat 'n oorsig oor die doeltreffendheid van sommige belastingaansporings insluit.
- 'n Oorsig oor die BTW nulkoersbepaling vir behuisingssubsidies om pratiese onreëlmatighede uit te skakel.
- 'n BTW standaardkoers vir hierdie toekennings word reeds oorweeg, met 'n gelykstaande verhoging in die waarde.
- 'n Oorsig oor hoe onderwysdienste en openbare vervoer vir BTW-doeleindes behandel word.
- 'n Oorsig oor die volhoubaarheid van die plaaslike regering fiskale raamwerk.
- 'n Oorsig oor die belasting van ko-operasies.

### **BELASTINGRIGLYNE**

<b>Inkomstebelastingkoerse vir natuurlike persone en spesiale trusts</b>	
<b>Jaar van aanslag geëindig 28 Februarie 2015</b>	
<b>Belasbare inkomste</b>	<b>Belastingkale</b>
0 – 174 550	18% van elke R1
174 551 – 272 700	31 419 + 25% van die bedrag wat 174 550 te bowe gaan
272 701 – 377 450	55 957 + 30% van die bedrag wat 272 700 te bowe gaan
377 451 – 528 000	87 382 + 35% van die bedrag wat 377 450 te bowe gaan
528 001 – 673 100	140 074 + 38% van die bedrag wat 528 000 te bowe gaan
673 101 en bo	195 212 + 40% van die bedrag wat 673 100 te bowe gaan



<b>Belastingdrempels vir natuurlike persone</b>		
	<b>2013/14</b>	<b>2014/15</b>
	<b>R</b>	<b>R</b>
Onder die ouderdom van 65 jaar	67 111	70 700
Ouderdom 65 en onder 75 jaar	104 611	110 200
Ouderdom 75 jaar en ouer	117 111	123 350

<b>Belastingkortings vir natuurlike persone – 2014/15</b>	
	<b>R</b>
Primêr – alle natuurlike persone	12 726
Sekondêr – persone 65 jaar en onder 75 jaar	7 110
Sekondêr – persone 75 jaar en ouer	2 367

### **Trusts**

Die belastingkoers op trusts (behalwe spesiale trusts wat belas word teen koerse van toepassing op individue) bly onveranderd op 40%.

### **VOORLOPIGE BELASTING**

'n Voorlopige belastingpligtige is enige persoon wat 'n inkomste behalwe besoldiging of 'n toelae of voorskot betaalbaar deur die persoon se prinsipaal verdien. Die volgende individue is vrygestel van die betaling van voorlopige belasting:

- Individue onder die ouderdom van 65 jaar wat nie 'n besigheid bedryf nie en wie se belasbare inkomste –
  - nie die belastingdrempel vir die belastingjaar sal oorskry nie; of
  - uit rente, buitelandse dividende en huur vir die belastingjaar R20 000 of minder sal wees.
- Individue wat 65 jaar en ouer is indien hul belasbare inkomste vir die belastingjaar –
  - uitsluitlik uit besoldiging, rente, buitelandse dividende of huur uit die verhuring van vaste eiendom bestaan; en
  - R120 000 of minder is.

'n Voorlopige belastingaanslag wat 'n beraming van totale belasbare inkomste vir die jaar van aanslag toon, word slegs ingedien indien dit deur die Kommissaris van die SAID vereis word.





## UITTREDINGSFONDS ENKELBEDRAG ONTTREKKINGSVOORDELE

<b>Belasbare inkomste</b>	<b>Belastingkoers</b>
<b>R</b>	<b>R</b>
0 – 25 000	0% van belasbare inkomste
25 001 – 660 000	18% van belasbare inkomste wat 25 000 te bowe gaan
660 001 – 990 000	114 300 + 27% van belasbare inkomste wat 660 000 te bowe gaan
990 001 en bo	203 400 + 36% van belasbare inkomste wat 990 000 te bowe gaan

Uittredingsfonds enkelbedrag onttrekkingsvoordele bestaan uit enkelbedrae wat uit 'n pensioen, pensioenbewarings-, voorsorg-, voorsorgbewarings- of uittredingsannuïteitsfonds (insluitend toewysing ingevolge 'n egskeidingsbevel) onttrek word.

Belasting op 'n spesifieke uittredingsfonds enkelbedrag onttrekkingsvoordeel (X) is gelyk aan

- belasting bepaal deur die belastingskaal toe te pas op die somtotaal van daardie enkelbedrag X plus alle ander uittredingsfonds enkelbedrag onttrekkingsvoordele vanaf Maart 2009 opgeloo, alle uittredingsfonds enkelbedrag voordele vanaf Oktober 2007 opgeloo en alle skeidingsvoordele vanaf Maart 2011 opgeloo; min
- belasting bepaal deur die belastingskaal toe te pas op die somtotaal van alle uittredingsfonds enkelbedrag onttrekkingsvoordele voor enkelbedrag X vanaf Maart 2009 opgeloo, alle uittredingsfonds enkelbedrag voordele vanaf Oktober 2007 opgeloo en alle skeidingsvoordele vanaf Maart 2011 opgeloo.

## UITTREDINGSFONDS ENKELBEDRAGVOORDELE OF SKEIDINGSVOORDELE

<b>Belasbare inkomste</b>	<b>Belastingkoers</b>
<b>R</b>	<b>R</b>
0 – 500 000	0% van belasbare inkomste
500 001 – 700 000	18% van belasbare inkomste wat 500 000 te bowe gaan
700 001 – 1 050 000	36 000 + 27% van belasbare inkomste wat 700 000 te bowe gaan
1 050 001 en bo	130 500 + 36% van belasbare inkomste wat 1 050 000 te bowe gaan

Uittredingsfonds enkelbedragvoordele bestaan uit enkelbedrae uit 'n pensioen-, pensioenbewarings-, voorsorg-, voorsorgbewarings- of uittredingsannuïteitsfonds met afsterwe, uittrede of diensbeëindiging weens oortolligheid of beëindiging van die werkgewer se handel.



Skeidingsvoordele bestaan uit enkelbedrae van of uit 'n reëling met 'n werkgewer weens afstanddoening, beëindiging, verlies, repudiasie, kansellasië of verandering van 'n persoon se amp of diens.

Belasting op 'n spesifieke uittredingsfonds enkelbedragvoordeel of skeidingsvoordeel (enkelbedrag of skeidingsvoordeel Y) is gelyk aan –

- belasting bepaal deur die belastingskaal toe te pas op die somtotaal van bedrag Y plus alle ander uittredingsfonds enkelbedragvoordele vanaf Oktober 2007 opgeloopt en alle uittredingsfonds enkelbedrag onttrekkingsvoordele vanaf Maart 2009 opgeloopt en alle ander skeidingsvoordele vanaf Maart 2011 opgeloopt; min
- belasting bepaal deur die belastingskaal toe te pas op die somtotaal van alle uittredingsfonds enkelbedragvoordele opgeloopt voor die enkelbedrag Y vanaf Oktober 2007 en alle uittredingsfonds enkelbedrag onttrekkingsvoordele opgeloopt vanaf Maart 2009 en alle skeidingsvoordele opgeloopt voor skeidingsvoordeel Y vanaf Maart 2011.

## **BUITELANDSE DIVIDENDE**

Die meeste buitelandse dividende wat deur individue vanaf buitelandse maatskappye ontvang word (aandeelhouing van minder as 10% in die buitelandse maatskappy) is belasbaar teen 'n maksimum effektiewe koers van 15%. Geen aftrekkings word toegelaat vir uitgawes aangegaan om buitelandse dividende te produseer nie.

## **VRYSTELLINGS**

### **Rente en dividende**

- Rente uit 'n Suid-Afrikaanse bron verdien deur enige natuurlike persoon onder die ouderdom van 65 jaar, tot R23 800 per jaar, en persone 65 jaar en ouer, tot R34 500 per jaar, is vrygestel van belasting.
- Rente is vrygestel van weerhoudingsbelasting slegs waar dit verdien word deur nie-inwoners uit enige sfeer van die Suid-Afrikaanse regering of 'n bank of indien die skuld op 'n erkende beurs genoteer word.

## **AFTREKKINGS**

### **Uittredingsfondsbydraes vanaf 1 Maart 2015**

Bydraes tot uittredingsfondse namens 'n werknemer sal as 'n belasbare byvoordeel in die hande van die werknemer behandel word. Individue sal vanaf daardie datum toegelaat word om op tot 27,5% van die hoogste van belasbare inkomste of besoldiging vir bydraes tot persioen-, voorsorg- of uittredingsannuïteitsfonse met 'n maksimum jaarlikse aftrekking van R350 000 af te trek. Bydraes bo die drempel sal vir aftrekking in toekomstige belastingjare oorgedra word.



## **Uittredingsfondsbydraes voor 1 Maart 2015**

### ***Lopende pensioenfondsbydraes***

Die aftrekking is beperk tot die grootste van –

- 7,5% van besoldiging uit uittredingsfunderingsdiens, of
- R1 750.

Geen oorskot mag na die volgende jaar van aanslag oorgedra word nie.

### ***Agterstallige pensioenfondsbydraes***

Die aftrekking is beperk tot 'n maksimum van R1 800 per jaar. Enige oorskot bo R1 800 mag na die volgende jaar van aanslag oorgedra word.

### ***Lopende uittredingsannuïteitsfondsbydraes***

Die aftrekking is beperk tot die grootste van –

- 15% van belasbare inkomste behalwe uittredingsfunderingsdiens, of
- R3 500 min lopende aftrekkings aan 'n pensioenfonds, of
- R1 750.

### ***Agterstallige uittredingsannuïteitsfondsbydraes***

Die aftrekkings is beperk tot 'n maksimum van R1 800 per jaar. Enige oorskot bo R1 800 mag na die volgende jaar van aanslag oorgedra word.

## **Mediese en gestremdeheidsuitgawes**

In die vasstelling van die bedrag betaalbaar word 'n korting toegestaan aan individue –

- ten opsigte van maandelikse bydraes tot mediese fondse ('n belastingkorting wat as 'n mediesefondsfooi belastingkrediet bekend staan) op tot R257 vir die individu wat die bedraes betaal en die eerste afhanklike op die mediese fonds en R172 vir elke bykomende afhanklike; en
- in die geval van –
  - 'n individue wat 65 en ouer is, of indien daardie persoon, sy of haar gade of kind 'n gestremde persoon is, 33,3% van die kwalifiserende mediese uitgawes betaal of gedra deur die individu en 'n bedrag waarmee mediese fonds bydraes deur die individu betaal drie keer die mediese fonds belastingkrediete vir die belastingjaar oorskry; of
  - enige ander individu, 25% van 'n bedrag gelyk aan kwalifiserende mediese uitgawes betaal of gedra deur die individue en 'n bedrag waarmee mediese fonds bydraes deur die individu betaal vier keer die mediese fonds belastingkrediete vir die belastingjaar oorskry, beperk tot die bedrag wat 7,5% van belasbare inkomste (uittredingsfonds enkelbedragbedrae en diensbeëindigingsbedrae uitgesluit) oorskry.



### **Skenkings**

Aftrakkings met betrekking tot skenkings aan sekere openbare weldaadsorganisasies is beperk tot 10% van belasbare inkomste voordat mediese uitgawes (uittredingsfonds enkelbedrae uitgesluit) afgetrek word. Die oorskot mag vir aftrekking in die volgende jaar oorgedra word.

### **Toelaes**

#### **Bestaanstoelaes en voorskotte**

Waar ontvangers verplig is om vir besigheid minstens een nag weg van hulle gewone plek van inwoning deur te bring en die akkommodasie waarop die toelaag of voorskot betrekking het in die Republiek is en die toelaag of voorskot toegestaan word om te betaal vir –

- maaltye en bykomende koste, word 'n bedrag van R335 per dag geag bestee te gewees het;
- slegs bykomende koste, word 'n bedrag van R103 vir elke dag wat binne die tydperk val, geag bestee te gewees het.

Waar die akkommodasie waarop die toelae of voorskot betrekking het buite die Republiek is, word 'n spesifieke bedrag per land geag bestee te gewees het. Besonderhede van hierdie bedrae word op die SAID se webwerf gepubliseer.

### **Reistoelae**

Koerse per kilometer wat gebruik mag word om die toelaatbare aftrekking vir besighedsreisdoeleindes te bepaal, waar geen rekords van werklike koste gehou word nie, word bepaal deur die volgende tabel te gebruik:

<b>Waarde van die voertuig (BTW ingesluit)</b>	<b>Vaste koste</b>	<b>Brandstofkoste</b>	<b>Instandhoudingskoste</b>
<b>R</b>	<b>R per jaar</b>	<b>c per km</b>	<b>c per km</b>
0 – 80 000	25 946	92.3	27.6
80 001 – 160 000	46 203	103.1	34.6
160 001 – 240 000	66 530	112.0	38.1
240 001 – 320 000	84 351	120.5	41.6
320 001 – 400 000	102 233	128.9	48.8
400 001 – 480 000	120 997	147.9	57.3
480 001 – 560 000	139 760	152.9	71.3
Bo 560 000	139 760	152.9	71.3

### **Aantekening**

- 80% van die reistoelae moet vir doeleindes van die berekening van LBS by die werknemer se besoldiging ingesluit word. Die persentasie word tot 20% verminder indien die werkgever tevrede is dat minstens 80% van die gebruik van die motorvoertuig vir die belastingjaar vir besighedsdoeleindes sal wees.



- Geen brandstofkoste mag geëis word indien die werknemer nie die volle koste van brandstof in die voertuig gebruik gedra het nie en geen instandhoudingskoste mag geëis word indien die werknemer nie die volle koste van instandhouding van die voertuig gedra het nie (m.a.w. indien die voertuig aan 'n instandhoudingsplan onderworpe is).
- Die vaste koste moet op 'n pro-ratagrondslag verminder word indien die voertuig vir minder as 'n volle jaar vir besigheidsdoeleindes gebruik is.
- Die werklike afstand gedurende 'n belastingjaar afgelê en die afstand vir besigheidsdoeleindes afgelê, gestaaf deur 'n logboek, word gebruik om die koste wat teen 'n reistoelae geëis mag word, te bepaal.

#### ***Alternatief***

- Waar die afstand afgelê vir besigheidsdoeleindes nie 8 000 kilometer per jaar oorskry nie, is geen belasting op tot 'n koers van 330 sent per kilometer, ongeag die waarde van die voertuig, betaalbaar op 'n toelae wat deur die werkgever aan die werknemer betaal word nie.
- Hierdie alternatief is nie beskikbaar indien ander vergoeding in die vorm van 'n toelaag of terugbetaling ten opsigte van die voertuig van die werkgever ontvang word nie.

## **BYVOORDELE**

### **Werkgever-besitte voertuie**

- Die belasbare waarde is 3,5% van die vasgestelde waarde (die kontantkoste, BTW ingesluit) per maand van elke voertuig. Waar die voertuig –
  - onderworpe is aan 'n instandhoudingsplan toe die werknemer die voertuig bekom het en die belasbare waarde 3,25% van die bepaalde waarde is; of
  - ingevolge 'n bedryfshuur deur die werkgever verkry is,is die belasbare waarde die koste aangegaan deur die werkgever ingevolge die bedryfshuur plus brandstofkoste.
- 80% van die byvoordeel moet vir doeleindes van die berekening van LBS by die werknemer se besoldiging ingesluit word. Die persentasie word tot 20% verminder indien die werkgever tevrede is dat ten minste 80% van die gebruik van die motorvoertuig vir die belastingjaar vir besigheidsdoeleindes sal wees.
- By aanslag word die byvoordeel vir die belastingjaar verminder deur die verhouding van die afstand vir besigheidsdoeleindes afgelê, gestaaf deur 'n logboek, te deel deur die werklike afstand gedurende die belastingjaar afgelê.
- By aanslag is verdere verligting beskikbaar vir die koste van die lisensie, versekering, instandhouding en brandstof vir reis vir privaatdoeleindes indien die volle koste daarvan deur die werknemer gedra is en indien die afstand vir privaatdoeleindes gereis deur 'n logboek gestaaf word.



### **Rentevrye of laerentelings**

Die verskil tussen rente gehef teen die amptelike koers en die werklike rentebedrag wat gehef word, moet by bruto inkomste ingesluit word.

### **Residensiële akkommodasie**

Die voordeel wat by bruto inkomste ingesluit moet word, is die grootste van die voordeel bereken deur 'n voorgeskrewe formule toe te pas of die koste vir die werkgewer.

Die formule sal van toepassing wees indien die akkommodasie besit word deur die eienaar, deur 'n verwante instansie met betrekking tot die werkgewer, of onder sekere beperkte omstandighede waar dit nie deur die werkgewer besit word nie.

### **DIVIDENDBELASTING**

Dividendbelasting word gehef teen 15% op dividende betaal deur inwonermaatskappye en deur nie-inwonermaatskappye met betrekking tot aandele op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer. Dividende is vrygestel van belasting indien die uiteindelijke geregtigde van die dividend 'n Suid-Afrikaanse maatskappy, uittredingsfonds of ander vrygestelde persoon is. Nie-inwoner uiteindelijke geregtigdes van dividende kan in beperkte omstandighede voordeel trek uit die verlaagde belastingkoerse. Die belasting moet in die geval van belasbare dividende op genoteerde aandele deur die maatskappye wat die belasbare dividende betaal of deur gereguleerde tussengangers, weerhou word.

### **MAATSKAPPYBELASTINGKOERSE**

<b>JARE VAN AANSLAG EINDIGEND TUSSEN 1 APRIL 2014 EN 31 MAART 2015</b>		
<b>Normale belasting</b>		
Maatskappye en beslote korporasies	Basiese koers	28%
Persoonlike diensverskaffer maatskappye	Basiese koers	28%
Buitelandse inwonermaatskappye wat inkomste uit 'n SA bron verdien	Basiese koers	28%



## KLEINSAKEKORPORASIES

<b>FINANSIËLE JARE GEËINDIG TUSSEN 1 APRIL 2014 EN 31 MAART 2015</b>	
<b>Belasbare inkomste</b>	<b>Belastingkoers</b>
<b>R</b>	<b>R</b>
0 – 70 700	0% van belasbare inkomste
70 701 – 365 000	7% van belasbare inkomste wat 70 701 te bowe gaan
365 001 – 550 000	20 601 + 21% van belasbare inkomste wat 365 000 te bowe gaan
550 001 en bo	59 451 + 28% van belasbare inkomste wat 550 000 te bowe gaan

## MIKROBESIGHEDE

<b>FINANSIËLE JARE GEËINDIG TUSSEN 1 APRIL 2014 EN 31 MAART 2015</b>	
<b>Belasbare inkomste</b>	<b>Belastingkoers</b>
<b>R</b>	<b>R</b>
0 – 150 000	0% van belasbare inkomste
150 001 – 300 000	1% van belasbare inkomste wat 150 000 te bowe gaan
300 001 – 500 000	1 500 + 2% van belasbare inkomste wat 300 000 te bowe gaan
500 001 – 750 000	5 500 + 4% van belasbare inkomste wat 500 000 te bowe gaan
750 001 en bo	15 500 + 6% van belasbare inkomste wat 750 000 te bowe gaan

Hoewel die Minister verwys het na 'n vermindering, is dit nie ingesluit in die tabel wat deur die SAID beskikbaar gestel is nie.

## EFFEKTIEWE KAPITAALWINSBELASTING- (KWB-) KOERSE

Belasbare kapitaalwins op die beskikking van bates is ingesluit in belasbare inkomste.

### **Maksimum effektiewe belastingkoerse**

Individue en spesiale trusts 13,3%

Maatskappye 18,6%

Ander trusts 26,7%

Gebeure wat tot 'n beskikking aanleiding gee, sluit in 'n verkoop, skenking, ruil, verlies, afsterwe en emigrasie.

Die volgende is sommige van die spesifieke KWB-uitsluitings:

- 'n Wins/verlies van R2 miljoen op die beskikking van 'n primêre woning.
- Die meeste persoonlike gebruiksbates.
- Aftreevoordele.



- Betalings ten opsigte van oorspronklike langtermynversekeringspolisie.
- Jaarlikse uitsluiting van 'n R30 000 kapitaalwinst of -verlies word toegestaan aan individue en spesiale trusts.
- 'n Kleinsake-uitsluiting van kapitaalwinste vir individue (minstens 55 jaar oud) van R1,8 miljoen wanneer 'n klein onderneming met 'n markwaarde wat nie R10 miljoen oorskry nie, beskik word.
- In plaas van 'n jaarlikse uitsluiting word 'n uitsluiting van R300 000 in die jaar van afsterwe aan individue toegestaan.

## **ANDER WEERHOUDINGSBELASTINGS**

In beperkte omstandighede kan die toepaslike belastingkoers ingevolge 'n belastingverdrag met die land of inwoning van 'n nie-inwoner verminder word.

### **Tantième**

'n Finale belasting teen 'n koers van 12% word gehef op die bruto bedrag van tantième van 'n Suid-Afrikaanse bron wat aan nie-inwoners betaalbaar is. Die belastingkoers styg met inwerkingtrekking vanaf 1 Januarie 2015 tot 15%.

### **Rente**

'n Finale belasting teen 'n koers van 15% word met inwerkingtrekking vanaf 1 Januarie 2015 gehef op rente van 'n Suid-Afrikaanse bron wat aan nie-inwoners betaalbaar is. Rente is vrygestel indien dit betaalbaar is aan enige sfeer van die Suid-Afrikaanse regering of 'n bank, of indien die skuld op 'n erkende beurs genoteer word.

### **Buitelandse vermaaklikheidspersone en sportpersone**

'n Finale belasting teen 'n koers van 15% word gehef op die bruto bedrae betaalbaar aan nie-inwoners vir aktiwiteite wat hulle in Suid-Afrika as vermaaklikheidspersone of sportpersone uitvoer.

### **Vervreemding van onroerende eiendom**

'n Voorlopige belasting word namens nie-inwonerverkopers van onroerende eiendom in Suid-Afrika weerhou, vir verrekening teen die normale belastingaanspreeklikheid van die nie-inwoners. Die belasting wat uit die betalings aan die nie-inwoners weerhou moet word, is teen 'n koers van 5% vir 'n nie-inwoner individu, 7,5% van 'n nie-inwoner maatskappy en 10% van 'n nie-inwoner trust wat die onroerende eiendom verkoop.





## ANDER BELASTINGS, AKSYNS EN HEFFINGS

### Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)

BTW word teen die standaardkoers van 14% gehef op die lewering van goedere en dienste deur geregistreerde ondernemers.

'n Ondernemer wat belasbare lewerings van meer as R1 miljoen per jaar maak moet vir BTW registreer en 'n ondernemer wat belasbare lewerings van meer as R50 000 maar nie meer as R1 miljoen per jaar maak, mag om vrywillige registrasie aansoek doen. Sekere lewerings is onderworpe aan 'n nulkoers of is vrygestel van BTW.

### Hereregte

Die verkryging van eiendom deur alle persone, wat nie aan BTW onderworpe is nie, is onderworpe aan hereregte teen die volgende koerse:

Waarde van eiendom	Koers
<b>R</b>	
0 – 600 000	0%
600 001 – 1 000 000	3% van die waarde wat 600 000 te bowe gaan
1 000 001 – 1 500 000	12 000 + 5% van die waarde wat 1 000 000 te bowe gaan
1 500 001 en bo	37 000 + 8% van die waarde wat 1 500 000 te bowe gaan

### Boedelbelasting

Boedelbelasting word teen 'n uniforme koers van 20% gehef op eiendom van inwoners en Suid-Afrikaanse eiendom van nie-inwoners.

'n Basiese aftrekking van R3,5 miljoen word toegelaat in die bepaling van 'n boedel se aanspreeklikheid vir boedelbelasting asook aftrekkings vir laste, bemakings aan openbare weldaadsorganisasies en eiendom wat oorlewende gades toekom.

### Skenkingsbelasting

- Skenkingsbelasting word teen 'n uniforme koers van 20% gehef op die kumulatiewe waarde van eiendom wat gedurende die jaar van aanslag geskenk word.
- Die eerste R100 000 van eiendom wat in elke jaar deur 'n natuurlike persoon geskenk word, is vrygestel van skenkingsbelasting.
- In die geval van 'n belastingpligtige wat nie 'n natuurlike persoon is nie, is die vrygestelde skenkings beperk tot informele geskenke wat in totaal nie R10 000 per jaar oorskry nie.
- Bemakings tussen gades en skenkings aan sekere openbare weldaadorganisasies is vrygestel van skenkingsbelasting.



### **Belasting op oordrag van sekuriteite**

Die belasting word teen 'n koers van 0,25 van 'n persent op die oordrag van genoteerde of ongenoteerde sekuriteite gehef. Sekuriteite bestaan uit aandele in maatskappye of ledebelange in beslote korporasies.

Hierdie bulletin is voorberei deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) vir gebruik deur lede van die SAIGR en mag nie gekopieer of reproduseer word deur persone wat nie lede of assosiate van die Instituut is nie, tensy vooraf geskrewe toestemming by die SAIGR verkry is.

Let asseblief op dat hoewel gepoog word om akkuraatheid te verseker, die SAIGR nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige onakkuraathede of foute wat hierin vervat mag wees nie.